# menlo-insig

3/2023

## LIEWE MENLO

Die Insig is vandeesweek met 'n gedig deur me. Mignonne de Jager bederf. Dit handel oor Menlo se spesiale kerkdiens ter viering van die skool se sestigste verjaarsdag. Geniet hierdie raakvat beskrywing van die middag se gebeure op die pawiljoen.








## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

### Gebed: Koos du Plessis

*Laat my nooit die grond verlaat nie. Laat my in U skadu bly. Gee dat elke aardse vreugde en vrees, eindelik nietig word vir my.*

*Elke afdraai paadjie ken ek. Elke keer het ek verdwaal. Elke keer het U my iewers kom haal. Maak dit Heer, die laaste maal.*

*Elke dag is 'n gedagte. Elke kamer net gehuur. Elke aardse droom van rykdom en roem, net 'n skadu teen die muur.*

*Wat ek is, is net genade. Wat ek het, is net geleen. Eintlik smag ek na U waters van rus. Lei my Heer vanaand daarheen.*

### Lofdiens: Menlo 60

Ons sit in snikheet hitte van 'n wêreld wat op sy kop is,
'n land wat bloei, en dor en droog is.
Die krag in ons bene is min, die ligte in ons huise is af
Die water loop nie meer uit ons krane nie.
Maar ons kom om DANKIE te sê.

Dankie vir 60 jaar van getrouheid.
Dankie vir 60 jaar van rigting, liefde en hoop.
Dankie vir 60 jaar van mense vorm soos klei.
Dankie vir getrouheid, selfs wanneer ons ontrou is.
Dankie vir VREDE en kinders wat LAG.
Dankie vir mense wat nog 'n LIED het om te sing,
'n LIG wat brand om duisternis te verdring.
Dankie vir 'n God wat ons ken, wat ons SIEN –
Wat genade aan ons bewys, sonder dat ons dit verdien.
ONS SÊ DANKIE!

Die Hofsaak van Miga basuin oor die luidsprekers uit.
Wat is dit wat ons God verwag?
Ons stel Hom teleur, keer op keer.
Hoe hoor Hy ons DANKIE?
Miga 6:8 sê:
Die Here het vir julle gesê wat reg is
Hy wil hê julle moet doen wat reg is,
Troue liefde bewys
En nederig die pad saam met Hom loop.

Ek vat Sy hand want ek het Hom nodig.
DANKIE vir JESUS
want deur sy offer van liefde kan ek leef.
Kan ek geregtigheid laat geskied.
Kan ek lief hê.
Nie deur myself nie – maar deur HOM!

Die dominee sê haar laaste woord
En die donderweer getuig van 'n God
wat die laaste woord in SY hande hou.
Sambrele word uitgedeel en baadjies word aangetrek
Want die eerste druppels val.
Die koor mars op om Sy heerlikheid te besing!
Sy GLORIA!
Maar die hemele gaan OOP, en Hy REËN op ons neer.
Sy TROUE liefde wat ewig is,
Wat seer en pyn wegwas.
Guns en goedheid kom van HOM,
Hy wat dor weer lewend maak.
Hy wat HOOP laat GROEI wanneer ons bloei.
'n Belofte van SY getrouheid vir nog 'n jaar.
En ons hardloop kaalvoet in die reën!

# DAGBOEK

**2/2**
Akademie: Gasvryheidstudies
(Gr. 12, 14:30)
Swem: Ligagala
Fietsry: Ouerinligtingsvergadering
(Ouditorium, 18:00)

**3/2**
Atletiek: 36ste Jaarlikse Uitnodigings-byeenkoms (Tuis)

**4/2**
Parkieraad: Opleiding
(Ouditorium, 09:00 – 11:00)
Krieket: Rustenburg (Eerstespan weg, o. 15's-tuis)

**6/2**
Redenaars: Afrikaans Gr. 10-, 11- & 12-uitdunne (Ouditorium, 14:15 – 18:00)
Gholf: Ouerinligtingsvergadering
(Ouditorium, 18:00)

**7/2**
Redenaars: English Public Speaking auditions Gr. 10 & 11
(Auditorium, 14:15 – 18:00)
Kultuur Prestige-aand (Atterbury Teater, 19:00)

**8/2**
Atletiek: Noordheuwel Top 15 (UJ) &
Tennis: GN-liga (senior dogters)

**9/2**
Akademie: Gasvryheidstudies
(Gr. 10, 14:30)
Van Huyssteens Oratorsfees: Werkswinkel (Ouditorium, 14:15 – 16:00)
Tennis: o. 15-seunstoernooi (Paarl)
Swem: Ligagala & Spanete

**Raadpleeg asseblief die skool se webblad vir sportprogramme en die eerste kwartaal se toetsrooster.**

# ALGEMEEN

## Menlo sê dankie vir 60 jaar

Wat is genade? Genade is om soggens wakker te word. Dit is om te glimlag wanneer druppels in die stof spat, wanneer die bloeisels se kleur jou oog vang en wanneer jy hoor hoe die piet-my-vrou na reën roep. Genade is om in die wonders van die skepping te deel, om saans om 'n etenstafel te sit en oor die dag se gebeure te gesels. Genade is om hoop vir die toekoms te hê en om met waardigheid oud te word – elke plooi 'n ingeëtste herinnering van vreugde of swaarkry en 'n getuienis dat jy steeds staande is.

Genade is om die toets van tyd te deurstaan. Dit is om die skaduwee van 'n dekade oue pawiljoen te geniet en op sestig jaar se groei te reflekteer; die rede vir verlede Sondag se spesiale kerkdiens. Genade loop soos 'n goue draad deur die skool se geskiedenis. Onverdiend. Onvoorwaardelik. Genoeg.

Die skool bedank graag die Menlobond, mnr. Manie Geldenhuys en die Menlo-personeel vir hulle reëlings asook dominee Fay van Eeden vir haar besonderse boodskap. Ons maak gou weer so.











**Kaartjies vir hierdie geleentheid is via die skakel beskikbaar.**

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS · 60 · 1963 | 2023

# DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

## *Die nr. 1-keuse*

| | NASIONAAL | PROVINSIAAL |
|---|---|---|
| Wiskunde | 1 | 1 |
| Afrikaans (HT) | 1 | 1 |
| Rekeningkunde | 1 | 1 |
| Fisiese Wetenskappe | 1 | 1 |
| English FAL | 2 | 2 |
| IGO | 3 | 2 |
| Lewenswetenskappe | 5 | 1 |
| Besigheidstudies | 11 | 5 |
| Ekonomie | 13 | 1 |
| Geografie | 19 | 2 |

Bron: Skoleondersteuningsentrum, Matriekverslag 2022.
(Uitslae van al die skole wat die NSS-eksamen van die Departement van Basiese Onderwys afgelê het, is in berekening gebring.)

Volg gerus die skakels na die spesiale Insig oor die matriekuitslae en die **SOS-verslag**.






# MUSIEK

## Van teorie tot toets: Op Menlo-bodem kry note lewe

Daar was vandeesweek 'n interessante dreuning op Menlo-bodem: Aan die een kant is die Parkies se goeie teorie-uitslae in Unisa se graad 4-eksamen met trompetgeskal uit die kuberruim verwelkom en aan die ander kant het Lisa, Menlo se grande dame, haar stoute skoene aangetrek en haar deur vreemdelinge laat vermaak. Die vreemdelinge was egter nie sommer hierjy-musikante nie, maar wêreldklaspianiste wat aan die Mansh Internasionale Klavierkompetisie in die Afri-Forum Teater deelgeneem het. Die jongste deelnemer was net sestien jaar oud, maar die jongeling was 'n ou hand as dit by die vertolking van musiek kom.

Wat die Parkies se teorie-uitslae (Unisa-gr. 4) betref, deel ons graag die volgende nuus:

Nadine Roux (slaag met eervolle vermelding),
Linda Hanekom (slaag), Rea Gololo (slaag) &
Jordan Naidoo (slaag).

Hartlik geluk met goeie uitslae. Dit is net 'n kwessie van tyd voor die skool met ons eie Mansh-deelnemers spog.








# DRAMA

## Menlo-Oscars sorg vir groot drama

Die skool se verhoog sal Woensdag, 25 Januarie 2023 nie gou vergeet nie, want dit is die dag toe Menlo se talentvolle akteurs, tegnici, regisseurs en teksskrywers vir hulle bydraes tot Menlo se 2022-toneelsukses vereer is. Die gesellige funksie, met musiek wat aan die ware-Oscar-jakob herinner in die agtergrond, was 'n genotvolle geleentheid waar Menlo-akteurs se talent vir oulaas gevier is.

Hartlik geluk aan elke leerder wat 'n toekenning ontvang het en baie dankie aan mee. Van Blerk, Heyns, Nel en Van Emmenis vir hulle bydraes tot die ontwikkeling van Menlo-akteurstalent.






# ATLETIEK

## Menlo-atlete verbeter baansyfer

Die uitslae en topprestasies van verlede Vrydag se byeenkoms is soos volg:
Menlo: 2 137 Ellisras: 753 Volkskool: 625 Prestige College: 522 PBHS: 271 PHSG: 143

| Dogters: Top-10-prestasies | | Item | APE |
|---|---|---|---|
| 1. | Alicia Khunou | Diskus | 999 |
| 2. | Alicia Khunou | Gewigstoot | 983 |
| 3. | Colene Scheepers | 100 m | 950 |
| 4. | Chirsté Loedolff | Diskus | 928 |
| 5. | Cellonika vd Berg | Gewigstoot | 926 |
| 6. | Erasel Boer | 100 m | 923 |
| 7. | Merlé J v Rensburg | Diskus | 923 |
| 8. | Cellonika vd Berg | Diskus | 922 |
| 9. | Erasel Boer | 100 m-hekkies | 914 |
| 10. | Ashlynn Nel | Diskus | 909 |

| Seuns: Top-10-prestasies | | Item | APE |
|---|---|---|---|
| 1. | Chris Swanepoel | Diskus | 977 |
| 2. | Werner Bezuidenhout | 110 m-hekkies | 953 |
| 3. | Werner Bezuidenhout | 100 m | 946 |
| 4. | Chris Swanepoel | Gewigstoot | 944 |
| 5. | Aidan Erasmus | Diskus | 912 |
| 6. | Rolandt Grosskopf | 100 m | 893 |
| 7. | Aidan Erasmus | Gewigstoot | 886 |
| 8. | Joshua Gerber | Diskus | 884 |
| 9. | Leo van Wyk | Gewigstoot | 877 |
| 10. | Nicolas Nieman | Verspring | 870 |








### Trofeewenners

| | |
|---|---|
| Chris Swanepoel | Junior victor ludorum |
| Merlé J v Rensburg | Junior victrix ludorum |
| Alicia Khunou | Senior victrix ludorum |

### Kapteine

Interhoër is om die draai en die vaandeldraers wat die span gaan lei, is aangekondig. Baie geluk aan Marnus Keet, Hanru Potgieter, Erasel Boer en Mia Uys. Die Insig wens elke Parkie-atleet en -afrigter sterkte toe. Die seisoen nader die pylvak en die stryd om skole-atletiek se gesogste trofee skop eersdaags af. Menlo is absoluut gereed.



# GHOLF



## Nuwe Menlo-kampioen gekroon

Januariemaand is sinoniem met huissport en by Menlo-gholf vind huissport in die vorm van 'n klubkampioenskap op die uitdagende baan van die Pretoria Country Klub plaas. Vanjaar se toernooi was 'n spanningsvolle affêre met Evert Greyling en Juan Human wat in 'n titaniese stryd gewikkel was. Na agtien putjies was die twee se tellings gelyk en moes 'n uitspeelstryd plaasvind om 'n wenner te bepaal.

Baie geluk aan Menlo se nuwe kampioene! Hulle is nie net ysters op die baan nie, maar het ook senuwees van staal.

| | |
|---|---|
| Afdeling A | Evert Greyling |
| Afdeling B | Jan-Hendrik Swanepoel |
| Afdeling C | Christiaan Putter |
| Afdeling D | Elrisha Ras |
| Dogtersafdeling | Daniélle Meiring |

Baie dankie aan mnre. Nico van Eeden en Maritz Wessels vir hulle organisatoriese reëlings met die toernooi en sterkte vir die 2023-seisoen.

# KRIEKET






## Veelsydigheid seëvier!

Hier volg die uitslae van verlede week se wedstryde:

**Menlopark o. 15 B vs. Waterkloof o. 15 B**
Menlo 85/9 (Jan-Hendrik Swanepoel 27)
Waterkloof 88/5 (Benjamin Behrens 3/13)
Waterkloof wen met 5 paaltjies.

**Menlopark 4de XI vs. Affies 4de XI**
Menlo 125/4 (Nieuwoudt Slabbert 47, Clifford Coombe 48)
Affies 126/3
Affies wen met 7 paaltjies.


**Menlopark o. 14 B vs. Montana o. 14 B**
Montana 106/3
Menlo 108/3 (Zander Serfontein 32, Jan-Ernst Weilbach 33*)
Menlo wen met 7 paaltjies.

**Menlopark o. 14 A vs. Garsfontein o. 14 A**
Menlo 140/5 (Juan Lombaard 47, Jan-Willem Pienaar 44*)
Garsfontein 125/9 (Heinrich Claassen 3/12, Jan-Willem Pienaar 3/24)
Menlo wen met 15 lopies.

**Menlopark 1ste XI vs. Potch Volkies 1ste XI**
Menlo 185 almal uit (Marco Strydom 54, Dian van Zyl 49)
Volkies 143 almal uit (Ewald Meyer 3/21, Steve Stolk 3/18)
Menlo wen met 42 lopies.

Baie dankie vir die afrigters en spelers se harde werk – julle toewyding inspireer.

# MUURBAL



## Muurbalspelers speel pad oop in geslote toernooi

Menlo se muurbalspelers was goed verteenwoordig by NJSA se *Closed Rankings* toernooi. Hartlik geluk aan die spelers wat 'n posisie op die NJSA se ranglys losgespeel het – julle entoesiasme beïndruk.

**Seuns**

o. 14 A Joseph Myers (2) & Conrad Ehlers (6)
o. 14 C Dewald de Graaf (2), Keagan Twyman (3) & Gustav Grosskopf (6)
o. 16 A Sebastian Grosskopf (5)
o. 16 C Liam de Koning (4) & Marco Nel (5)
o. 19 B Ruan Hendriks (3) & Dean van Zyl (4)

**Dogters**

o. 14 A Dinique Booyens (10)
o. 16 B Georgina Lunn (3)
o. 19 A Demi Senekal (4) & Luzé Niemand (7)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 – 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 14:00 – 15:00
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MARKPLEIN







**Au-pair beskikbaar: 083 404 5788**







